# HOOFSTUK 4.

## Die Literariese Afdeling van die Teologiese Skool, 1869 - 1899.

### 1) Die Gedagte aan die Oprigting van 'n Skool, 1862-1868:

Die totstandkoming van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in 1859 het dadelik die groot vraagstuk van voorsiening van predikante aan die orde gestel. Die kerk was aanvanklik baie klein en lidmate was verspreid oor 'n paar state met 'n groot oppervlakte wat bedien moes word. Daarom was predikante dringend nodig. Die moontlikheid het bestaan om uit Nederland geholpe te raak, en daarom is beroepe onder leiding van ds. D. Postma uitgebring aan predikante in Nederland, waarvan slegs een opgevolg is, nl. deur ds. J. Beyer [1].

In 1862 het die eerste Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerk vergader te Reddersburg en daar sou ook o.a. aandag geskenk word aan die vraagstuk van die opleiding van predikante. Die sinode besluit dat daar met hierdie groot taak tot die volgende sinode gewag moet word maar gee tegelykertyd opdrag dat daar intussen vir hierdie doel gekollekteer moet word, sodat die volgende sinode meer sekerheid kan hê [2].

Die tweede sinode het die volgende jaar vergader in Rustenburg. Uit die notule blyk dit dat in Kaapland ongeveer £40 ingesamel is vir 'n skool met die vermelding dat daar meer sou ingekom het „maar de langdurige droogte in het verleden jaar, heeft hiertoe veel nadeel toegebracht"; uit Transvaal £22.6.3. wat deur ds. D. Postma ingesamel is en dan staan daarby „en maakt de vergadering

---

1) Cachet, Gedenkboek van Het 50-Jarige bestaan der Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika, 51.
2) Handelinge van die Eerste Sinodale Vergadering, 1862, art. 22.

ook opmerkzaam op de beroerten van dit land, anders zou ook hier zeker meer gekollekteerd zijn"[1]. Die saak is baie ernstig bespreek waarop besluit is om nog maar eers voort te gaan met kollekteer. 'n Verdere besluit is ook geneem dat die twee leraars gevra sou word om, wanneer daar persone hulle vir opleiding aangemeld het, hulle bes te doen om die opleiding te verskaf en hulle dan op die Algemene Sinode te laat eksamineer. Die twee predikante het hulle hiertoe bereid verklaar[2]. Dit het dan ook inderdaad vrug afgewerp, want reeds op die sinode wat in 1866 te Reddersburg gehou is, het 4 persone hulle aangemeld ooreenkomstig artt. 4 en 5 van die Kerkorde van Dordrecht 1618-1619 vir ondersoek met die oog op toelating tot die bediening van Woord en Sakrament. Twee van hulle is inderdaad toegelaat[3]. Dieselfde sinode het besluit om 'n sinodale kommissie te benoem wat sou bestaan uit die diensdoende predikante met twee ouderlinge uit elke staat om, ingeval studente hulle intussen mag aanmeld, hulle te ondersoek in naam van die sinode en ook toe te laat as die nodige bekwaamheid aan die dag gelê word[4].

Die volgende jaar (1864) het die Algemene Vergadering van Transvaal 'n brief van die gemeente van Rustenburg behandel waarop die vergadering ingestem het met die versoek om die moontlike oprigting van 'n Teologiese Skool "..... die op het dorp Rustenburg gevestigd te zein, en dat de vergadering hiertoe gaarne wil meedenken". Daar egter nog 'n Algemene Vergadering sou plaasvind voor die eerskomende sinode, kon ".... deze zaak verder

---

1) Handelinge van die Tweede Sinodale Vergadering, 1863, art. 22.
2) Ibid, art. 23.
3) Handelinge van die Derde Sinodale Vergadering, 1866, art. 41.
4) Ibid, art. 64.

in/............ 141.

in biddende oorweging genomen worden"[1]. Die Transvaalse Algemene Vergadering het die saak egter daarby gelaat en van nou af was dit Kaapland wat die inisiatief geneem het om die oprigting van 'n Teologiese Skool 'n werklikheid te maak.

Reeds op 11 Feb. 1862 het die kerkraad van Burgersdorp onder voorsitterskap van die konsulent, ds. D. Postma, ernstig gehandel oor die opleiding van aanstaande predikante en toe is besluit "onder inwachting van de goedkeuring van onze e.k. Sijnodale verg. te zien of men niet zoude kunnen daarstellen een school ter opleiding van bedienare aan eene plaats, die dan te gelijk ook de gemeente konnen bedienen"[2]. Hierdie voorstel is deur sowel die kerkraad as die gemeente geesdriftig ondersteun. En die kerkraad het, toe dit rugbaar geword het, selfs 'n erf present gekry vir die doel van 'n sekere I.J. Herman wat nie lidmaat van die gemeente was nie[3].

Toe die saak op die volgende sinode behandel is, is egter besluit om maar te volhard op die weg van onderrig van die kandidate deur die twee predikante[4]. Burgersdorp se kerkraad besluit dan om ds. D. Postma te beroep as professor[5]. Die volgende maand het die Kaaplandse Algemene Vergadering besluit om saam met die gemeente van Burgersdorp ds. Postma tot professor in die teologie te beroep[6]. Op die beroep het ds. Postma geantwoord dat die saak van die opleiding deur die hele kerk behandel moet word en gevolglik kan hy die roeping nie opvolg nie[7].

---

1) Notule van die Algemene Vergadering van die Z.A. Republiek, 21 Okt. 1864, art. 12.
2) Burgersdorpse Kerkraadsnotule, 11 Feb. 1862, art. 6.
3) Feestkomitee, Gouden Jubileum van Het Vyftig-Jarige bestaan van De Geref. Gem. Burgersdorp, 74.
4) Handelinge van die Tweede Sinodale Vergadering,1863,art.2
5) Burgersdorpse Kerkraadsnotule, 15 Julie 1864.
6) Feestkomitee: Gouden Jubileum van Het Vyftig-Jarige bestaan van De Geref. Gem. Burgersdorp, 78.

In 1866 het die Gemeente van Burgersdorp vir ds. Postma beroep en in Mei van daardie jaar is hy daar bevestig as predikant [1]. Onder sy leiding het Burgersdorp sake in gereedheid gebring om op die eersvolgende sinode wat in 1869 sou vergader, die voorstel tot oprigting van 'n Teologiese Skool te doen [2]. Vooraf is ook waarborglyste deur die gemeentes geteken, sodat op die sinode die bedrag van £411 per jaar gewaarborg kan word [3].

2) <u>Die Oprigting van die Teologiese Skool, 1869 en die eerste jare tot 1875:</u>

In 1869 het die Vierde Algemene Sinode vergader in Potchefstroom en op hierdie vergadering sou die belangrike besluit geneem word i.s. die oprigting van 'n Teologiese Skool: De **Sijnode** besluit nu dat met 's Heeren hulp de Theologische School zal opgerigt worden" [4]. Toe is gespreek oor die traktement van 'n tweede leraar en met inagneming van die beloofde bydrae besluit die sinode om dit te stel op £400 en vrye woning [5]. Daarna is aandag gegee aan die volgende voorstel van die gemeente Burgersdorp:

„1. Dat de School opgerigt worde te Burgersdorp;

2. dat de Sijnode slechts uitbreiding geve aan hunnen staande inrigting die de kerkeraad zelf onder leiding van hunnen leeraar daargesteld heeft, en dat aan de gemeente Burgersdorp en de andere gemeentes der Kaap Kolonie een gebouw tot 2de Pastorie, reeds gekocht, als

---

1) Handelinge van die Derde Sinodale Vergadering, 1866, art. 16.
2) Burgersdorpse Kerkraadsnotule, 2 April 1868, artt. 6, 9.
3) Handelinge van die Vierde Sinodale Vergadering, 1869, art. 55.
4) **Idem.**
5) Ibid, art. 56.

vrij en onbelemmerd eigendom aan de Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika ten geschenke zullen geven;

3. de gemeente Burgersdorp zal instaan voor pastorie en onderhoud van eene Leeraar, en voor den tweeden bijdragen gelijk de andere gemeenten, tevens zal zij dan aanwezige School ameublement aan de Theologische School present geven" [1].

Hoewel dit tot sover meestal benadruk is dat die kerk 'n skool moet hê, waar die aanstaande predikante opgelei kon word, het die sinode ook 'n besluit geneem waaruit blyk dat daar ook ander behooftes gevoel is in hierdie verband: „De Sijnode besluit, dat de kweekskool te Burgersdorp zoo ingerigt worde, dat er nie alleen predikanten aangevormd worde, maar ook jongelingen zich kunnen bekwaam tot onderwysers der jeugd, ja ook jongelieden, zonder een bestemd doel te hebben, gelegenheid gegeven wordt, naar hunne vatbaarheid gebruik van de School te maken, allen onderworpen aan de regulatiën der School" [2].

Vir ons doel is dit 'n besonder belangrike besluit hierdie, omdat die stigter nie net die opleiding van toekomstige predikante in gedagte het nie, want twee ander groepe van jongmanne word uitdruklik genoem, nl. dié wat onderwyser wou word en verder die wat sonder 'n bepaalde doel daarheen wou gaan slegs vir algemene opleiding en vorming. Naas die stigtingsbesluit is dit beslis die belangrikste besluit van hierdie sinodesitting, want dit kan met reg die geboorte-uur van die latere literariese departement genoem word.

---

1) Handelinge van die Vierde Sinodale Vergadering, 1869, art. 57.
2) Ibid, art. 77.

Op/.......... 144.

Op Maandag, 29 Nov. 1869, is die skool plegtig geopen met twee dosente, di. D. Postma en Jan Lion Cachet [1], en 5 studente [2]. Die vakverdeling van die twee dosente was soos volg: ds. Postma: Latyn, Grieks, Hebreeus, Logika en Retorika naas die Teologiese vakke;

ds. Cachet: Hollandse Taal en styl, Latyn (beginners), Matesis, Fisika en Metafisika, oorsig van die Algemene Geskiedenis, Grieks en Romeinse Oudhede tesame met twee Teologiese vakke [3]. Uit hierdie vakverdeling verkry ons afdoende bewys dat die studie van die Teologie voorafgegaan is deur 'n propedeutiese studie waarin naas taalstudie ook Matesis en Fisika beklemtoon is [4].

Die beheer van die skool word opgedra aan 'n kollege van kuratore wat gekies sou word: 2 „uit ieder land, leraars of ouderlingen" wat die sinode jaarliks kan herkies of in wie se plek ander gekies kon word [5].

Gedurende die beginjare het sake normaalweg verloop en hoewel die aantal gering gebly het, het die dosente hul werk nougeset verrig [6]. Aangesien die twee dosente ook gewone herderlike werk gedoen het en vakansies gebruik het vir huisbesoek, was dit nodig dat daar in 1870 van onderwyser J. de Ridder gebruik gemaak is om vir 6 maande klas te gee aan die Teologiese Skool in die beginsels van die Nederlandse taal [7]. Maar hy kon nie

---

1) Burgersdorpse Kerkraadsnotule, 15 Julie 1869, art. 4. Handelinge van die Vierde Sinodale Vergadering, artt. 58, 68.
2) M.P.A. Coetsee, „Geschiedenis van de Theol. School", in „De Maandbode", 1 Okt. 1887.
3) Notule van Kuratore, Nov. 1869, art. 25.
4) Feeskommissie, Die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Gedenkprogram, 21.
5) Handelinge van die Vierde Sinodale Vergadering, 1869, art. 76.
6) Handelinge van die Vyfde Sinodale Vergadering, 1873, art. 40.
7) Notule van Kuratore, 18 April 1871, art. 14.

vir langer aangestel word nie omdat die geldelike middele dit nie toegelaat het nie[1]. Toe dosent J. Lion Cachet in 1875 'n beroep na die gemeente Philipstown aangeneem het, is op 'n buitegewone Kuratorevergadering hom eervolle ontslag gegee[2]. In sy plek is toe J. de Ridder en P. Postma, B.A., in tydelike hoedanigheid aangestel[3].

Reeds op die sinode van 1873 het sekere veranderinge by die Teologiese Skool aandag geniet. Ds. D. Postma het bv. in 'n brief aan die sinode sy bereidwilligheid te kenne gegee om sy betrekking as dosent neer te lê, sodat die sinode 'n meer bekwame man as hy kon aanwys. Hy het vooraf daarop gewys dat hy homself nie wetenskaplik genoeg ag vir die taak nie[4]. Afgesien hiervan is die saak van meer doeltreffende onderwys aan die Teologiese Skool ook op die sinode behandel en gevolglik is aan die kuratore opgedra om in oorleg met die dosente te oorweeg „of men niet vervolgens het exsamen der studenten zal splitzen in een literarisch en eindeksamen om de e.k. Sijnode te dienen met advies"[5].

3) <u>Reorganisasie:</u>

a) <u>Geskiedenis van die Teologiese Skool:</u>

Op die sinode van 1876 het ds. D. Postma weer gevra dat die sinode hom moes onthef van sy taak as dosent om beter voorsiening te maak, 'n versoek waaraan die sinode voldoen het[6]. Daarna het ds. Postma aan sy beskrywingspunt deelgeneem wat versoek dat die sinode twee professore moet aanstel vir die Teologiese Skool wat

1) Cachet en andere, Gedenkboek van het 50-jarige bestaan der Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika, 120.
2) Notule van Kuratore, 30 Aug. 1875, art. 7.
3) Ibid, art. 9.
4) Handelinge van die Vyfde Sinodale Vergadering, 1873, art. 84.
5) Ibid, art. 106.
6) Handelinge van die Sesde Sinodale Vergadering, 1876, artt. 114 en 115.

vry staan van kerklike diens sodat die gemeente van Burgersdorp sy herder kon hê sonder enige besondere verpligtinge teenoor die Skool. By hierdie beskrywingspunt het ds. Postma as sy wens gevoeg: „Dat de Sijnode er toe mocht besluiten om aan de Theologische School te verbinden eene voorbereidende School, met een gequalificeerden onderwijzer aan het hoofd, waar te gelyker tyd personen voor onderwijzers kunnen opgeleid worden"[1]. Hierop besluit die sinode om 'n professor in die Teologie te beroep teen 'n salaris van £500 per jaar en vrye woning. „Daarna tot het beroepen van een professor litterarum, die niet een minder graad moet bezitten dan B.A. hetzij dan al of niet predikant zijnde, met een salaris van £400 per jaar, zonder vrije woning"[2]. Verder is ook nog besluit dat die kuratore opdrag ontvang om die „professor litterarum" aan te stel[3]. Die sinode besluit verder dat hulle graag 'n onderwyser sou wou benoem soos ds. Postma se begeerte is, maar op hierdie stadium laat die finansies dit nog nie toe nie maar die hoop word uitgespreek dat die skoolkas van die sinode dit spoedig sal kan bekostig[4].

As gevolg van hierdie besluit, tesame met die reorganisasie wat deurgevoer is, het 'n herreëling van die vakke, waarin onderrig verskaf sou word, plaasgevind en dit is soos volg deur die sinode goedgekeur. (Omdat hierdie besluit vir ons doel van groot belang is, haal ons hier daardie deel aan wat van toepassing was op die „litterarum"-departement) :-

---

1) Handelinge van die Sesde Sinodale Vergadering, 1876, art. 116.
2) Ibid, art. 122.
3) Ibid, art. 127.
4) Ibid, art. 131.

„De Sijnode verlangt dat de curatoren zorgen, dat, zooveel als mogelijk is, in de Theologische School geleerd worden de volgende vakken:

1. De Hollandsche taal, styl en letterkunde, en evenzoo de Engelsche taal en letterkunde;

2. Latyn, Grieksch, Hebreeuwsch en bybelsch-Chaldeeuwsch;

3. De algemeene Geschiedenis en ook de Georgraphie en Mythologie voor zooverre die tot de geschiedenis vereischt worden,

4. Natuurkunde,

5. De Logica en Metaphysica.

En wel dat de studenten in bovengenoemde vakken zoo onderwezen worden, dat zij zich kunnen bekwamen om zich tot het examen van B.A. te kunnen aanbieden, zulks verkiezende"[1].

By nadere beskouing van hierdie vakke merk ons op dat dit wel nie ingrypend verskil van die reëling wat met die opening van die skool ingevoer was nie, maar dat daar naas die ou tale ook meer aandag geskenk sou word aan die moderne tale soos Nederlands, en aan Geskiedenis; en dan die byvoeging dat die onderrig in die vakke sodanig moes wees dat die kandidate, as hulle dit verkies, die B.A.-graad kan behaal. Dit lewer 'n duidelike bewys dat die sinode nie tevrede was met die ou toestand nie, maar dat hulle die studente meer wetenskaplik wou toerus.

Ter verhoging van die peil van die onderwys was daar ook nog 'n ander faktor waarmee die sinode rekening gehou het, nl. die instelling van 'n toelatingseksamen[2]

1) Handelinge van die Sesde Sinodale Vergadering, 1876, art. 134.
2) Ibid, Bylaag 2.

tot/........... 148.

tot die skool..(Voorheen het art. 8 van die Kerkorde sterk op die voorgrond gestaan.) Hierdie eksamen was inderdaad die eerste stap om die peil tot toelating te verhef tot die besit van 'n Matrikulasiesertifikaat wat in 1879 vasgestel is.[1]

Terwyl voorheen vrywillige bydraes in die gemeentes vir die Teologiese Skool gekollekteer is[2], het die sinode van 1876 bepaal dat daar van nou af £20 per jaar vir elke 100 lidmate vir die Teologiese Skoolkas moet byeengebring word om die uitgawes te bestry[3].

In verband met die aanwysing van die twee professore is besluit dat die sinode self die professor in Teologie sal aanwys, maar dat die kuratore die professor litterarum moet aanwys. Tot professor in e.g. afdeling is ds. D. Postma verkies wat egter gevra het om onthef te word, aangesien hy van mening was dat die tyd aangebreek het om 'n wetenskaplik beter gevormde man aan die Skool te kry. Hy het egter ingewillig om tot die volgende sinode tydelik waar te neem[4].

Vir die opvulling van die pos van die professor in die literariese afdeling het die kuratore besluit om applikasies te vra en intussen sou J. de Ridder in hierdie afdeling help totdat 'n sodanige professor aangestel is[5]. Op 'n buitengewone vergadering van die liggaam, gehou op 20 Okt. 1876, word P. Postma gekies in hierdie pos[6].

Die Teologiese Skool het dus na 1876 heeltemal 'n nuwe fase binnegegaan, en dat die verandering inder-

1) Handelinge van die Sewende Sinodale Verg. 1879, art. 16.
2) Handelinge van die Eerste Sinodale Verg. 1862, art. 22.
3) Handelinge van die Sesde Sinodale Verg. 1876, art. 158.
4) Ibid, Bylaag 6.
5) Notule van Kuratore, 23 Mei 1876, artt. 2 en 3.
6) Ibid, 20 Okt. 1876.

daad 'n verbetering was, ly geen twyfel nie, want reeds aan die einde van dieselfde jaar het die plaaslike koerant van Burgersdorp prof. P. Postma gelukgewens met sy uitslae en is daarvan melding gemaak dat die Teologiese Skool tot op daardie datum reeds 3 gesertifiseerde onderwysers gelewer het [1]. Twee jaar later het die Teologiese Skool nog 'n gesertifiseerde onderwyser gelewer in die persoon van 'n sekere Du Plooy [2]. Maar die verbetering word ook gemerk as die rektor die kuratore in die volgende jaar gelukwens met die uitslae van die studente [3]. En verder blyk dit uit die rapport van die kuratore aan die volgende sinode: (1879) „Uit de verschillende examina, in de laatste tijd afgelegd, blijk dus duidelik de goede werking van de nieuwe organisatie der School" [4]. In dieselfde verslag word ook vermeld: „Ook is de School zoo gelukkig geweest dat 3 van hare studenten met goed gevolg hun Goevernements Onderwijzerseksamen hebben afgelegd". In 1880 het nog 2 studente die onderwyserseksamen met sukses voltooi [5]. Alhoewel dit baie goed gegaan het, is die rektor verplig om in 1878 by die kuratore te kla dat sommige studente die Skool verlaat en gaan onderwys gee sonder dat hulle daarvoor ten volle gekwalifiseerd is. Die kuratore antwoord dan hierop: „wenschen (wij) ook duidelik te verklaren dat in zoodanige geval, de Theol. School niet verantwoordelijk moet gehouden worden voor de mate der bekwaamheid van zoodanige persoon, en hopen dat dergelijke gevallen niet meer moge plaatsvinden" [6].

---

1) De Redakteur, „Het Onderwijzers Ex. van Gouvernementswege" in „De Maandbode", 1 Des. 1876.
2) Verslag van die Rektor in „De Maandbode", No. 3, 1877.
3) Notule van Kuratore, 6 Mei, 1878, art. 35.
4) Handelinge van die Sewende Sinodale Vergadering, 1879, Bylaag A.
5) Verslag van Litt. prof. aan die Rektor, 27 April 1880, argief nr. 540 c.
6) Notule van Kuratore, 6 Mei 1878, art. 16.

Op hierdie sinode van 1889 moes die professor in die Teologie benoem word en weer is ds. D. Postma van Burgersdorp met 'n groot meerderheid van stemme aangewys en hierdie keer het hy hom dit laat welgeval [1].

Die professor in die literariese departement het intussen voortgegaan met sy studie en in 1879 sy kandidaatseksamen in die Teologie afgelê, en is daarna as proponent beroepbaar gestel. Op 'n buitegewone vergadering van die kuratore is sy bedanking behandel en is hy van sy taak onthef [2]. Hy het kort daarna predikant geword van Burgersdorp. Die vakante pos is bespreek en met algemene stemme is toe 'n broer van prof. S. Postma, nl. M. Postma, B.A.[3] benoem, 'n persoon wat later die M.A.-graad in die Klassieke Tale verwerf het.

In 1882 het die nuwe professor die kuratore versoek om 'n gekwalifiseerde onderwyser aan te stel wat die opleiding van die jongelinge met die oog op die toelatingseksamen tot die teologiese studies aan die Teologiese Skool, voor te berei. Verder sou so 'n onderwyser ook help met die literariese vakke [4]. Die bespreking van hierdie saak het 'n besonder belangrike wending geneem. Daar is nl. 'n beskrywingspunt van die professore[5] met die volgende inhoud behandel: „De Sijnode ga er nu toe over, aan de Theol. School onzer Kerk toe te voegen eene Opleidingschool voor onderwijzers, hoofdzakelijk ten dienste der buitengemeenten onzer Kerk" [6].

Toe die saak saam met dié wat in die kuratorerapport voorkom, behandel is, het die sinode 'n kommissie

---

1) Handelinge van die Sewende Sinodale Vergadering, 1879, artt. 19 en 143.
2) Notule van Kuratore, 2 Feb. 1880, art. 4.
3) Ibid, 1 Mei 1880, art. 3.
4) Handelinge van die Agste Sinodale Vergadering, 1882, Bylaag C.
5) Notule van Kuratore, 2 Mei 1881, art. 19.
6) Handelinge van die Agste Sinodale Vergadering, 1882, art. 24.

benoem om daarop in te gaan. Genoemde kommissie het 'n uiters belangrike rapport voor die sinode gelê, waarin hulle hul oortuiging uitspreek „dat zulk eene inrichting zeer wenschelijk zou zijn, maar aangesien de Theol. School nog te veel de aandacht der Gemeenten in hare geldelijke ondersteuning noodig heeft; en aangezien men aan de Theol. School de vereischte kundigheden voor de onderwijzersbetrekking verkrijging kan, zoo meent zij dat er voor het tegenwoordige niets aan kan gedoen". Die kommissie voel egter dat onder omstandighede die sinode daartoe moet oorgaan om 'n voorbereidende skool op te rig, soos versoek deur die professor van die literariese departement [1].

Na bespreking van die rapport het die sinode die advies i.s. uitbreiding van die skool aanvaar en sodoende afgesien van 'n tweede professor in hierdie departement, en wat die laaste deel betref, is besluit om 'n deputaatskap te benoem wat op die eersvolgende sinode sou rapporteer oor 'n voorbereidende skool [2]. Op die volgende sinode is in verband met hierdie saak egter 'n ongunstige rapport ingedien sodat dit besluit is „(voor) het tegenwoordige de zaak niet verder te behandelen" [3]. Dit is ook begryplik waarom die gemeentes nie kans gesien het vir die saak nie: as gevolg van moeilike tye wat beleef is, kon die gemeentes nie hulle verpligtinge ten opsigte van die Teologiese Skool nakom nie [4], en moes kerkrade gedurig gemaan word om hulle bedrae te stort [5]. In 1885 was die penningmeester verplig om £470 te leen om die skuld aan salarisse te betaal [6]. Om

1) Handelinge van die Agste Sinodale Vergadering, 1882, art. 131.
2) Ibid, artt. 132-134.
3) Handelinge van die Negende Sinodale Vergadering, 1885, art. 36.
4) „De Maandbode", 1 Okt. 1882.
5) Handelinge van die Agste Sinodale Vergadering, 1882, art. 116.
6) Handelinge van die Negende Sinodale Verg. 1885, art. 41.

hierdie skuld te delg, stel die predikant van Burgersdorp dan voor dat die Algemene Vergaderings versoek word om die geld in hul onderskeie kaste vir behoeftige studente aan die skool te skenk. Nadat toestemming daartoe gegee is, was daar nog 'n skuld van £60 oor [1]. Daarop word die kerkrade aangemaan om „krachtig te arbeiden om van nu voortaan de gewone bijdragen geregeld in te brengen" [2]. Op dieselfde sinode word besluit tot die oprigting van 'n vaste rentefonds waaruit die koste van die Teologiese Skool gedek sal word [3].

In 1882 het die nuwe professor, M. Postma, 'n verdere veranderde skema vir die literariese studie aan die hand gedoen en dit is ook deur die kuratore aanhangig gemaak op hierdie sinode. Die sinode het dit bespreek en goedgekeur.

A. Hollandsch.

1. Hollandsche Taalkunde, woordafleidkunde, enz.
2. Hollandsche Letterkunde, een tijdperk van de Nederlandsche Letterkunde en een werk of gedeelte van een werk van een der voornaamste dichters van tijd tot tijd te worden opgegeven.
3. Overzicht van de geschiedenis van Nederland.

B. Latyn.

1. Poëzie — Een boek van Vergilius of Horatius.
2. Proza — Een boek van den geschiedschrijver Livius: Een philosophisch boek van Cecero, zooals „De Senectute" of „De Amecitia" of in plaats daarvan een van Cecero's oratiën of van zijn „De Offecüs".

   N.B. — Indien er in het matriculatie Examen Poëzie

---

1) Handelinge van die Negende Sinodale Vergadering 1885, art. 46.
2) Ibid, art. 50.
3) Ibid, art. 52.

uitgegeven is, worde er slechts Proza opgegeven en zoo er Proza gegeven is slechts Poëzie.

3. Latynsche Spraakkunst - opstellen van Hollandsch en Latyn.
4. Overzicht van de Romeinsche Geschiedenis.

C. Grieksch.

1. Poëzie — Een treurspel van een der Grieksche treurspeldichters — Eschylus of Sophockes.

   Een boek van Odyssea of Ilias van Homeros.
2. Proza — Een boek van een der Geschiedschrijvers Thycydides of Herodotus.

   N.B. Indien er in het Matriculatie examen Proza uitgegeven is, worde er slechts Poëzie opgegeven, en zoo er Poëzie gegeven is slechts Proza.
3. Grieksche Spraakkunst — opstellen van Hollandsche en Grieksch.
4. Overzicht van de Grieksche Geschiedenis.

D. Mythologie.

E. Logica en Rhetorcia.

F. Algemeene Geschiedenis"

In 'n voetnoot word verder verklaar dat met die oog op die huidige inrigting van die skool, geen matematiese vakke in die skema opgeneem is nie ofskoon die professor oortuig is van die noodsaaklikheid en wenslikheid daarvan. Bogenoemde kursus kan in twee jaar of een en 'n halwe jaar deurloop word[1].

Hieruit blyk dat die onderwyspeil in die literariese departement aansienlik verhoog is. In sy verslag aan die kuratore, Mei 1883, het die rektor melding kon maak van 'n kandidaat wat hom voorberei vir die B.A.-graad

---

1) Handelinge van die Agste Sinodale Vergadering, 1882, bylaag C.

van die Kaapse Universiteit. Die rektor het in dieselfde rapport ook twee medaljes uitgeloof: 'n silwer medalje aan die kandidaat wat in die Matrikulasie-eksamen met lof sou slaag en 'n goue aan die een wat die B.A.-graad met lof sou slaag [1]. So is van die kant van die professore doelbewuste pogings aangewend om die voorbereidende studie so deeglik moontlik te maak.

Op die sinode van 1885 het die kuratore weer sekere wysigings vir goedkeuring voorgelê i.s. die toelatingseksamen tot die proponentskap en die literariese eksamen [2]. As laasgenoemde vergelyk word met dié wat die vorige sinode goedgekeur het, blyk dit dat die Suid-Afrikaanse Geskiedenis by die Algemene Geskiedenis gevoeg is. Verder word Grieks en Latyn doelbewus ingesluit by die Matrikulasie. In 1887 het die kuratore besluit om 'n beurs van £25 per jaar toe te ken aan 'n student wat met lof slaag in die Matriekeksamen en verder is genotuleer dat 4 studente hulle voorberei vir die B.A.-graad [3]. Op dieselfde vergadering keur die kuratore dit goed dat 'n gebou saam met die gemeente van Burgersdorp gekoop is vir die Teologiese Skool en die Vrye Christelike Skool [4]. Aangesien die Vrye Christelike skool tot groot nut vir die Teologiese Skool was daar dit ook gedien het as 'n voorbereidende skool, het die kuratore in 1891 besluit om jaarliks 'n bydrae van £100 aan die skool te skenk, met dien verstande dat ook die kuratore „op eene nader te bepalen wijze eenig opzicht over de school zal hebben" [5].

---

1) Notule van die Kuratore, 7 Mei 1883, argief nr. 540/c.
2) Handelinge van die Negende Sinodale Vergadering, 1885, Bylaag E (a en c).
3) Notule van Kuratore 2 Mei 1887, art. 27.
4) Ibid, art. 9.
5) Handelinge van die Elfde Sinodale Vergadering, 1891, art. 39.

In 1889 het prof. M. Postma sy proponentseksamen met goeie gevolg afgelê waarna hy 'n beroep na Middelburg, Kaap, aanneem [1]. Die vakature wat daardeur ontstaan het, word opgevul deur sy jonger broer, S. Postma [2].

In 1880 is prof. D. Postma oorlede [3], en dit was 'n gevoelige verlies vir Kerk en Skool, want soveel jare het hy 'n prominente aandeel gehad aan die sake van die Kerk en vanaf die stigting van die Teologiese Skool was hy daaraan verbonde. Sy plek is eers voorlopig opgevul deur die kuratore met die benoeming van ds. J. Lion Cachet [4]; dit het geduur tot 1894 toe hy permanent benoem is [5].

Dat die Gereformeerdes terdeë die waarde van die onderwysers besef het, blyk duidelik uit die skrywe van die redakteur in „De Maandbode" van 1891. Sprekende van die pas-afgelope onderwysersvergadering te Kimberley, sê hy dat van taal, nasionaliteit en kerk nie veel sal oorbly nie as hulle laat begaan soos hulle hul daar openbaar het. Daarom moet jongelinge hulle aan die Teologiese Skool laat oplei as onderwysers [6]. Die sinode het reeds vroeër in dieselfde jaar besluit dat sodanige wysinge in die organisasie van die kas vir behoeftige studente aangebring kan word, dat ook verdienstelike jongelinge, wat wens om opgelei te word as onderwysers, uit die kas ondersteuning kan geniet [7].

---

1) Cachet en andere, Gedenkboek van het 50-jarige bestaan der Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika, 129. Notule van Kuratore, 29 Nov. 1889, art. 4.
2) Ibid, art. 6.
3) „De Maandbode", 1 Feb. 1891.
4) Handelinge van die Elfde Sinodale Verg. 1891, art. 30.
5) Handelinge van die Twaalfde Sinodale Verg. 1894, art. 24.
6) De Redakteur, „De Opleiding van Onderwijzers" in „De Maandbode", 1 Des. 1891.
7) Handelinge van die Elfde Sinodale Vergadering, 1891, art. 56.

Na aanleiding van hierdie besluit vra ds. L.P. Vorster of dit nie wenslik is dat die sinode „een onderwijzer examen vast stellen ten einde bekwame onderwijzers, ook toegerust met godsdienstige kennis, te verkrijging". Hierop besluit die sinode om dit aan die kuratore op te dra om by die volgende vergadering 'n skema voor te lê en „in den tuschen tijd bepaalt het college den status voor onderwijzer in onze kerk, zij wenscht vooral, dat gelet zal worden op bekwaamheid tot het geven van godsdienst onderwijs [1]. Die kuratore dra dan die opstelling van so 'n skema op aan 'n kommissie, terwyl dit aan die professore oorgelaat word om te handel as daar miskien persone kom „om voor het onderwijzers vakken opgeleid te worden" [2].

Di. P. Postma, J. Vorster en M. Postma, wat gekies is tot kommissie om 'n skema op te stel vir die opleiding van onderwysers, het dan die volgende aan die sinode van 1894 voorgelê [3]:

1. Die kommissie is van oordeel dat wat die graad van bekwaamheid betref, „voor Hoofd-onderwijzers aan de Scholen onzer Kerk, gevorderd moet worden:

Certifikaat van het Onderwijzers-Examen, Tweede Klasse in de Z.A. Republiek.

of

Certifikaat van het Onderwijzers-Examen, Tweede Klasse in den O.-Vrystaat.

of

Certifikaat van het Matriculatie Examen der Kaapsche Universiteit met de byvoeging van een examen in de volgende vakken: a) Hollandsche taalkunde. De gehele taalkunde,

1) Handelinge van die Elfde Sinodale Vergadering, 1891, artt. 70, 73.
2) Notule van Kuratore, 2 Mei 1892, art. 31.
3) Handelinge van die Twaalfde Sinodale Vergadering, 1894, bylaag E.

met inbegrip van de woordvorming in den zinsbouw.
Een opstel over een gegeven onderwerp (abstract Dictaat).
(N.B.:- Zoo de persoon in het Matrikulatie Examen het Hollandsch gehad heeft, zal hij van dit vak verschoond zijn). b) Geschiedenis.
— De Geschiedenis van Zuid-Afrika — Beknopt overzicht der wêreld geschiedenis.

c) Opvoedkunde. De beginselen van de paedogogiek en schoolinrichting met inbegrip van de methode van aanschouwingsonderwijs.

d) Teekenen. De beginselen van het hand en rechtlijnig teekenen.

e) Zangkunde.

Theoretische en praktische. Kennis der noten in de Psalmboeken gebruikt en van eenvoudige zangstukjes (een-en-meer-stemmig)".

2. Die kommissie is van oordeel dat wat die graad van bekwaamheid van „Hulp-onderwijzer aan de Scholen onze Kerk betreft gevorderd moet worden:

Certifikaat van het Onderwijzers Examen, Derde Klas in de Z.A. Republiek.

of

Certifikaat van het Onderwijzers Examen, Derde Klas in den O.-Vrystaat.

of

Certifikaat van het Onderwijzers Examen, Derde Klas in de Kaap Kolonie met de bijvoeging van een Examen in de Zangkunde. Theoretische en praktiesche kennis der noten in de Psalmboeken gebruik er van eenvoudige zangstukjes (een-en-meer-stemmig)".

3. Die kommissie is van oordeel dat behalwe bg. sertifikate vir hoofonderwysers en hulponderwysers voor die kuràtore 'n eksamen sal moet afgelê word in die volgende vakke: „a) Bybelsche Geschiedenis. Oude en Nieuwe Testament in geschiedkundig verband.

b) Bybelsche/........ 158.

b) Bybelsche Aardrijkskunde.

c) Geschiedenis der Gereformeerde Kerk in Nederland en in Z.-Afrika.

d) Catechetiek.

4. Iemand die de erkenning van Godsdienst onderwijzer in de Gereformeerde Kerk wil hebben, moet kunnen overleggen attest van lidmaatschap met eene aanbeveling van den Kerkeraad waaronder hy sorteert, wat betreft zijn gedrag, Christelijke gezindheid en aanleg voor het onderwijs geven".

5. Die kommissie is ook van oordeel dat dit wenslik is dat die sinode sodanige skikkings tref vir geleentheid om aan die Teologiese Skool onderwysers op te lei. Ingeval dit kan verkry word, sal die sinode ook die tyd moet bepaal „die door de zoodanigen persoon aan de Theol. School moet doorgebracht worden".

Hierdie belangrike stuk wat 'n sprekende bewys lewer van die buitengewone karakter van die Teologiese Skool en veral die aanduiding is dat die literariese departement meer moes doen as net aanstaande predikante aan die nodige kennis van die ou tale help, is nie deur die sinode aanvaar nie en die volgende besluit is daaroor geneem: „De Sijnode besluit in deze zaak, hangende de uitvoering van het advies der Commissie re Theol. School, niet te treden omdat het het aangenomen advies zal bemoeilijken" 1).

Die sinode van 1894 het sorgvuldig aandag geskenk aan die belange van die Skool. Daar was nie net die skema vir die opleiding van onderwysers wat voor die sinode gelê is nie, maar daar was van die kant van die kuratore skemas ter wysiging van sowel die toelating tot die proponentskap as tot die literariese eksamens. Daarbenewens was daar 'n hele aantal beskrywingspunte i.s.

1) Handelinge van die Twaalfde Sinodale Vergadering, 1894, art. 39.

verskuiwing van die Skool, (reeds vanaf 1891 het daar stemme in hierdie verband opgegaan dat die skool verskuif moet word, sommige het gemeen na Middelburg, Kaap, ander weer na Pretoria en 'n derde groep na Bloemfontein, en selfs Reddersburg is genoem [1].) Asook een wat gevra het om die oprigting van 'n Christelike gimnasium in Kaapland. Aangesien hierdie sake te omvattend en ingrypend van aard was, is besluit om 'n kommissie te benoem wat op al die sake moes ingaan en rapport aan die sinode voorlê.

Aangesien hierdie rapport aan die sinode van so groot belang was, asook met die oog op latere verwikkelinge, gee ons kortliks die inhoud daarvan weer [2]:

Die kommissie het tot die slotsom geraak dat die Teologiese Skool vereers maar op Burgersdorp moet bly. Na Pretoria kan dit nie nou verskuif word nie, omdat:

1. daar is reeds 'n Christelike staatsgimnasium wat met die Teologiese Skool se literariese afdeling sal kompeteer;

2. as daar dan sprake van verplasing is, kan dit alleen geskied met die teologiese departement, en dit is onmoontlik omdat die professore van die Skool mekaar in die onderskeie vakke help; en

3. die lewenskoste in Pretoria is hoog sodat menig arm jongman dan sal verhinder word om aan die Teologiese Skool te gaan studeer.

As voordele van so 'n verplasing na Pretoria word genoem: 1. die uitbreiding van die Gereformeerde Kerk in die Z.A. Republiek; 2. Pretoria is as akademiese stad meer geskik; 3. die Hollandse wetenskaplike omgewing

---

1) H.J. Venter, „De Theol. School", in „De Maandbode", 1 Junie 1893.
2) Handelinge van die Twaalfde Sinodale Vergadering, 1894, art. 91.

kan/......... 160.

kan vir die studente baie beteken.

Wat 'n verskuiwing na Middelburg, Kaap, betref is die kommissie van oordeel dat die lewe daar goedkoper en aangenamer sal wees as op Burgersdorp. Tog verskil die toestande in Middelburg nie soveel van dié in Burgersdorp om 'n verskuiwing te regverdig nie.

Wat beskrywingspunt no. 1 betref, is die kommisie van oordeel dat die Z.A. Republiek se beswaar teen die instandhouding van die literariese departement gegrond is en dat 'n afsonderlike Teologiese Skool en 'n Gereformeerde gimnasium onder beheer en toesig van die gemeentes van Kaapland opgerig moet word.

As oorgangsmaatreël adviseer die kommissie dan:

1. Dat die teenswoordige literariese departement in twee verdeel word — 'n laer en hoër literariese departement. Die laer literariese departement sal tot matriek gaan en in die hoër departement sal die studente voorberei word vir die literariese eksamen vir toelating tot die studie van die Teologie en waarvan Hollands die medium bly.

2. Die laer literariese departement moet so gou moontlik deur die Algemene Vergadering van Kaapland vir eie rekening oorgeneem word.

3. Wat die gewysigde skema vir die literariese eksamen betref, „tegemoet komst zoover als in de bestaande omstandighede mogelijk is, daartoe wijzende op de hoogere literarische afdeeling die nu meer Hollandsche studie eischt en op het reeds bestaande besluit dat certifikaat van tweede graad in de letteren en wetenschappen van de Zuid-Afrikaansche Republiek voldoende is".

---

7. Die kommissie raai ten sterkste aan dat die som van £275 per jaar onmiddellik beskikbaar gestel word vir 'n

assistent/.......... 161.

assistent in die literariese departement, aangesien die vakke te omvangryk geword het om deur een persoon behartig te word. Dan noem die kommissie nog die voorbeeld van die staatsgimnasium van Pretoria wat maar twee jaar oud is en vyf dosente het.

Die sinode het hierdie rapport baie deeglik bespreek en uit die feit dat daar nie minder as 6 voorstelle hieroor ingekom het, blyk dat hierdie saak van baie groot belang is. Eindelik is besluit om die advies van die kommissie te aanvaar; alleen word in punt 7 „assistent" verander na „assistente"[1].

Die skema vir die literariese eksamen [2] verskil nie veel van die vorige nie. Dat die peil van die studie egter stadig maar seker verhoog is, is baie duidelik. Dit is opmerklik dat in die skema nou drie nuwe afdelings ingevoeg is, nl. Bybelse geskiedenis, geskiedenis van Suid-Afrika en Wysbegeerte. Die afdeling mitologie het nou verdwyn en by Logika het Retorika weggeval, want in die nuwe skema word dit nou Logika genoem.

Aangesien die professore nie al die werk kon behartig a.g.v. die toenemende werksaamhede, het die professor in die literariese departement in sy verslag aan die rektor in 1893 gemeld dat deeltydse assistent J. van Rooy hom behulpsaam is [3]. Ook het 'n tweede persoon, nl. die heer T. Hamersma, deeltyds gehelp in die klasgee in die Nederlandse taal [4]. Die volgende jaar was daar nie minder as 30 studente in die Skool, van wie slegs 2 in die Teologie studeer het [5]. Vandaar dat die professor

---

1) Handelinge van die Twaalfde Sinodale Vergadering, 1894, art. 94.
2) Ibid, bylaag D.
3) Verslag van die Literariese professor aan die Rektor, 1 Mei 1893, argief no. $\frac{540}{c}$.
4) Verslag van die Rektor aan die Kuratore, 1 Mei 1893, argief no. $\frac{540}{c}$.
5) Ibid, Maart 1894, argief no. $\frac{540}{c}$.

in die literariese departement vra om 'n permanente assistent [1], 'n aanbeveling wat dan ook deur die rektor gedoen is op die sinodesitting van dieselfde jaar [2]. Die saak van 'n tweede professor in die literariese departement het eers in vervulling gegaan toe prof. S. Postma 'n beroep na Middelburg, Kaap, aangeneem het [3]. Na rype beraad is in 1898 student P.C. Snyman verkies tot professor in die literariese departement en as tweede professor in die lettere is J.A. du Plessis aangewys [4].

Die volgende jaar het die Tweede Vryheidsoorlog uitgebreek en is die Skool tydelik gesluit aangesien die Vrystaatse en Transvaalse studente hulle vir diens gaan aanmeld het by die Republiekeinse Magte, terwyl die professore en oorgeblewe studente by die ambulanskorps aangesluit het [5].

b) Doel met die oprigting van die Teologiese Skool:

Die totstandkoming van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in 1859 het dadelik die groot vraag van voorsiening van predikante aan die orde gestel. Maar dit sou eers op die vierde sinode wees dat daadwerklik daartoe oorgegaan is om in hierdie behoefte te voorsien, nl. om 'n opleidingsentrum op te rig waarin predikante opgelei kon word [6].

Hoewel dit tot sover meestal benadruk is dat die

1) Verslag van die prof. Literariese departement aan die rektor, 23.3.1894, argief no. 540/c.
2) Handelinge van die Twaalfde Sinodale Vergadering, 1894, bylaag A en art. 49.
3) "Het Kerkblad", 1 Jan. 1898, 4.
4) Cachet en andere, Gedenkboek van het 50-jarige bestaan der Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika, 130.
5) Feeskommissie, Gedenkprogram van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 22.
6) Handelinge van die Vierde Sinodale Vergadering, 1869, art. 55.

kerk 'n skool moet hê waar predikante opgelei kon word, het die sinode van dieselfde jaar ook 'n besluit geneem waaruit blyk dat daar ook ander behoeftes gevoel is in hierdie verband, want daar is besluit dat die skool so ingerig moet word dat ook onderwysers en persone „zonder een bestemd doel te hebben", opgelei kan word [1].

Herhaalde kere is die skemas waarvolgens gewerk is, verander sodat die peil van die onderwys telkens verhoog is en meer wetenskaplik van aard geword het. Maar daarnaas ook dit, soos ds. J. Lion Cachet kon getuig [2]: „In rechtzinnigheid bleven wij wat wij waren, de richting der school is na twintig jaren even Gereformeerd, even Nationaal als toen wij begonnen. De bevordering der wetenschap doed geen nadeel".

Dieselfde gedagte vind ons ook by C [3] as hy van „Ons Troetelkind", bedoelende die Teologiese Skool, sê dat vanaf die geboorte van die skool die noodsaaklikheid gevoel is van sowel Christelik Gereformeerde hoër as laer onderwys, 'n skool waarin jongmense vir Christus en die kerk opgevoed kan word. Voorts verklaar hy dat die opvoeding in hierdie skool Gereformeerd en nasionaal is en moet wees, 'n skool waarin Gods Woord die grondslag van alles is, maar „tegelijkertijd, vergeten wij niet dat God ons een werk in dit land gegeven heeft om waarlijk nuttig te zijn, taal en reden der voorvaderen lief te hebben, en te bewaren".

---

1) Handelinge van die Vierde Sinodale Vergadering, 1869, art. 77.
2) Postma, De Geschiedenis van de Stichting en Ontwikkeling der Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika, 297.
3) Almanak, 1893, 23, 24.

c) <u>Studente van die Teologiese Skool:</u>

Die vasstelling van die gelde wat deur die studente aan die Skool betaalbaar was, is deur die sinode bepaal. So het die sinode van 1891 bepaal dat die klasgelde verander word na: kollegegelde vir alle vakke gelykstaande aan „School Higher", £6 per jaar sal wees, £9 vir vakke gelykstaande aan Matriek, £12 vir B.A. en literêre vakke, en £15 per jaar vir teologiese vakke [1].

Vanaf 1891 kon behoeftige studente wat vir onderwysers wou leer, ook geldelike ondersteuning kry uit 'n kas wat vir hierdie doel opgerig is [2]. Tot op hierdie stadium was daar so 'n kas vir studente wat predikante wou word. Hierdie kas is opgebou uit vrywillige bydraes en sou bestuur word deur elke staat se „kas ex bonis" (waaruit teologiese studente ondersteuning ontvang). Ondersteuning sal geskied vir 2 jaar by verloop van welke tydperk dit verwag word dat die applikant die onderwyserseksamen klas geslaag sal hê asook 'n eksamen deur die kuratore afgeneem in Bybelse Geskiedenis, Kerkgeskiedenis, Catechetiek, Hollandse taalkunde, geskiedenis van Suid-Afrika en Sangkuns. Aan persone wat 'n hoër graad as onderwyser wens te behaal, sal ondersteuning vir 'n tydperk van 4 jaar gegee word, waarna dieselfde vakke deur die kuratore afgeneem sal word [3].

Die studente het verenig in 'n vereniging, C.O.R.P.S., met die doel om vertroud te raak met die beginsels van die Gereformeerde Kerk, dit te bestudeer en om dit uit te leef [4]. Telkemale het die vereniging

---

1) Handelinge van die Elfde Sinodale Vergadering, 1891, art. 49.
2) Ibid, art. 56.
3) Notule van die Algemene Vergadering van Kaapland, 1892, art. 94.
4) V.V. „Aan Mede-Jongelingen" in „Het Kerkblad", 1 Nov. 1894.

met sy probleme voor die dag gekom in die „Kerkblad", probleme wat gewilliglik vir hulle beantwoord is[1].

Interessant is dit om die volgende tabel van studentetalle te bestudeer:

TABEL 2.

| Teologiese Dosente. | | Literariese dosente | Teologiese studente. | Literariese studente. |
|---|---|---|---|---|
| 1881 | 1 | 1 | 0 | 11[2] |
| 1885 | 1 | 1 | 0 | 9[3] |
| 1886 | 1 | 1 | 0 | 6[4] |
| 1889 | 1 | 1 | 2 | 10[5] |
| 1891 | 1 | 1 | 0 | 11[6] |
| 1893 | 1 | Literariese prof. en deeltydse assistent. | 2 | 30[7] |
| 1894 | 1 | Literariese prof. en 2 deeltydse assistente. | 2 | 30[8] |
| 1896 | 1 | Literariese prof. en 2 deeltydse assistente | 5 | 24[9] |
| 1897 | 1 | Literariese prof. en 2 deeltydse assistente. | 7 | 25[10] |

1) „Het Kerkblad", 15 April 1895, 3.
Ibid, 1 Aug. 1895, 2.
Ibid, 1 Junie 1895, 2.

2) „De Maandbode" 1 Aug. 1881.
"Verslag van die rektor aan die Kuratore, 2 Mei 1881, argief no. 540/c.

3) Ibid, 2 Maart 1885, argief no. 540/c.

4) „De Maandbode", 1 Junie 1886.
Verslag van die literariese professor aan die rektor, 3 Mei 1886, argief no. 540/c.

5) Verslag van die rektor aan die Kuratore, 6 Mei 1889, argief no. 540/c.

6) „De Maandbode", 1 Jan. 1891.

7) Verslag van die Literariese professor aan die rektor, 1 Mei 1893, argief no. 540/c.
Verslag van die rektor aan die Kuratore, 1 Mei 1893, argief no. 540/c.

8) Ibid, Maart 1894, argief no. 540/c.

9) Ibid, 8 Junie 1896, argief no. 540/c.

10) Ibid, 14 Jan. 1897, argief no. 540/c.

Uit die vergelyking van bg. tabel kan ons enigsins 'n denkbeeld vorm van die omvangrykheid van die werk aan die literariese departement. Ons lei dan verder uit die tabel af: 1) Die studente in die literariese departement was altyd ver meer as die teologiese studente; trouens, vir etlike jare was daar selfs geen enkele teologiese student nie.

2) In 1893 moes die professor in die literariese departement selfs 'n tydelike assistent bykry om hom in sy werk behulpsaam te wees.

3) Vanaf die volgende jaar moes die literariese professor selfs 'n tweede assistent se hulp inroep.

d) <u>Inhoud van die Teologiese Skool:</u>

Hollandse en Engelse styl en letterkunde, Latyn, Grieks, Hebreeus en Bybelse Chaldeeus en natuurkundige sowel as algemene Geskiedenis en Aardrykskunde was van die begin af die basiese vakke vir die literariese afdeling van die Teologiese Skool [1]. Dit verskil nie ingrypend van die vorige vakke wat ingestel is vir die studente toe die Teologiese Skool uitslutend net predikante opgelei het nie. Ons merk wel dat naas die ou tale ook meer aandag geskenk is aan moderne tale: Hollands en Engels.

In 1885 het die kuratore sekere wysigings voor die sinode gelê i.s. die toelating tot die proponentseksamen en die literariese eksamen. En hier is nou vir die eerste keer Suid-Afrikaanse Geskiedenis bygebring. Verder word Grieks en Latyn doelbewus ingesluit by die Matrikulasie [2].

In 1894 is 'n nuwe skema deur die sinode behandel, en wel een wat opgestel is vir die opleiding van

1) Handelinge van die Sesde Sinodale Vergadering, 1876, art. 134.
2) Handelinge van die Negende Sinodale Vergadering, 1885, bylaag E (a en c).

onderwysers/.........167.

onderwysers [1]. Hierin kom dan vakke voor wat voorheen nie genoem is nie: Opvoedkunde: die beginsels van pedagogiek en skoolinrigting met inbegrip van die metode van aanskouingsonderwys; tekening: die beginsels van hand- en reglynige tekening en verder sang: 'n teoretiese en praktiese kennis van note van die Psalmboek en die gebruik van meerstemmige stukkies.

Wat die leerplanne alles presies behels het, kan alleen uitgemaak word as die leerboeke bestudeer sou word.

e) <u>Leerboeke gebruik in die Teologiese Skool</u>:

Slegs in twee verslae van die professor van die literariese departement word die leerboeke wat by die verskillende vakke gebruik is genoem.

In sy verslag aan die rektor van 1873 [2] word die volgende vakke en boeke daarvoor vermeld deur die professor in die literariese departement:

„In de Hollandsche taal gebruiken wij: Kuiper's Nederl. taal en Letterkunde, en lezen hierbij zoo mogelijk de voornaamste Hollandsche schrijvers.
In de Engelsche taal gebruiken wij Nelson's Grammar, en Smith's Student's English Literature, en ook zoo mogelijk de belangrijkste Engelsche schrijvers.
In het Latijnsch Lezen wij op de twee dagen daarvoor bestemd, Caesar de Bello Gallico en Nepos Excellentium Imperatorum.
In het Grieksch evenzoo, Xenophon's Anabasis en het Nieuwe Testament.
Behalwe deze doen wij bij elke Grieksche en Latijnsche les de „Prose Exercises of Arnold".

---

1) Handelinge van die Twaalfde Sinodale Vergadering, 1894, bylaag E.
2) „De Maandbode", No. 3 van 1877, 'n byvoegsel.

Ook bestudeeren wij by elke les de Grammatica en hebben voor beide talen in gebruik de Edinburgh Academy..
Voor Algemeene Geschiedenis gebruiken wij Bosscha, maar hiernevens zien de studenten gewoonlijk de les te huis na in Schlosser's Wereld geschiedenis.
Voor Aardrijkskunde bezigen wij twee boeken: „Anderson's Geography" voor de Politieke en „Hughes Physical Geography" voor de Natuurlijke.
Voor Rekenkunde gebruiken wij B. Smith.
Voor Algebra, Colenso's en
Voor Geometrie "Todhunter's".
Voor Natuurkunde hebben wij P. van der Burg: „ Schets der Natuurkunde".

Ik acht het niet noodig breedvoerig uit te leggen hoever wij in die vakken zin, daar er nog niet een lange tijd sedert mijne komst alhier verloopen is, maar ik wensch slechts aan te merken, dat in sommige vakken zooals in De Oude Talen wij maar weinig gelezen hebben, maar dat ik er mij optoeleg dat de studenten goed meester worden van hetgene wij lezen."

In die verslag van die professor in die literariese departement aan die rektor [1] word in 1880 die volgende boeke vir die verskillende vakke genoem: „Voor het Latijn Livius waarvan wij 42 hoofstukken van het eerste boek gelezen hebben; als grammatica gebruik ik de „Ednib. Academy Grammar" aangevuld door „Madvig's Grammar en voor Compositie „Arnold's Latin Prose Composition"; voor het Grieksch Homeros waarvan wij het 8ste boek van de Ilias gelezen hebben, als Grammatica ook de „Ednib Academy Grammar" welke ik aanvul met „Jelf's Greek Grammar". In Geschiedenis gebruiken wij „Hume's British

1) „De Maandbode, 1 Julie 1880.

History" daar er 2 studenten voor het Matriculatie Examen voor de Universiteit zijn en dit daar vereischt wordt deze geschiedenis zijn wij geheel doorgegaan.

Voor de aardrijskunde „Bevan's Student's Modern Geography".

Voor de rekenkunde „Barnard Smith".

Voor de algabra en Geometrie „Todhunter's smaller Algebra Geometry".

Voor de Hollandsche Taal en Letterkunde Kuyper.

Voor de Engelsche taalkunde „Angus handbook of the English tongue" en „Craik's English language".

Voor de Engelsche Letterkunde „Hales longer English Poems".

f) Die Taalvraagstuk in die Teologiese Skool:

Dat die Hollandse taal as sodanig 'n ereplek in die Teologiese Skool ingeneem het, kan baie duidelik vasgestel word op grond van die skemas wat voor die sinode gelê is [1]. Maar omdat die Kaapse Universiteit wat Engels was, die eksamens afgeneem het, is dit te verstane dat die eksamens ook van die literariese afdeling deur medium van Engels afgelê is. Dit het J. Bergmans ontsettend gegrief en daarom skryf hy in 'n brief aan die redakteur van „De Maandbode" [2]: „Wat het inrichting en onderwijs betref staat het voorbereidend en onderwijs — en dat is byna het geheele onderwijs der Theologische School, gelijk met het onderwijs dat aan de andere Engelsche Colleges gegeven wordt". Hy sluit dan sy brief af deur te sê dat hierdie Engelse opleiding nie die beste is vir

1) Handelinge van die Sesde Sinodale Vergadering, 1876, art. 134.
Handelinge van die Negende Sinodale Vergadering, 1885, bylaag E.
Handelinge van die Twaalfde Sinodale Vergadering 1894, bylaag E.

2) J. Bermans, „De Theol. School" in „De Maandbode", 1 Aug. 1893.

toekomstige leiers se nasionale ontwikkeling nie.

In Oktober van dieselfde jaar verskyn daar weer 'n brief van J. Bergmans waarin hy daarop wys dat die redakteur nie probeer het om sy aantygings te weerlê nie. Hy vra dan dat daar nou beslis 'n verandering moet kom in die medium van die Teologiese Skool [1].

Hierdie aantyging van J. Bergmans was ongetwyfeld geregverdig. Maar dat die dosente en opsieners van die Skool deur en deur voorstanders was van die Hollandse taal en van nasionalisme, kan beslis nie weggeredeneer word nie. Daarvoor vind ons genoeg gronde op bls.

Met hierdie hoofstuk dan word die onderwyspogings van die Gereformeerdes in die 19e eeu afgesluit.

4) Samevatting:

Alhoewel die gedagte aan die oprigting van die Teologiese Skool aanvanklik bedoel was slegs vir die opleiding van predikante, is, toe in 1869 besluit is om die Skool op te rig, die skool so ingerig dat ook jongelinge hulle daar kon bekwaam as onderwysers ('n taak waarmee dadelik 'n begin gemaak is) en ook jongelinge sonder 'n bepaalde doel. Uit die leervakke en vakindeling blyk dit duidelik dat die studie in die teologie voorafgegaan is deur 'n propedeutiese studie waarin naas die teologiese studie ook matesis en Fisika beklemtoon is.

In 1876 het 'n herorganisasie plaasgevind. Nou is die Skool verdeel in 'n teologiese afdeling en 'n literariese afdeling, met die uitdruklike opdrag dat die literariese professor minstens oor 'n B.A.-graad moes beskik. Alhoewel dit reeds hier in die vooruitsig gestel is dat aan die Skool 'n voorbereidende skool (later het die

1) J. Bergmans "De Theol. School der Kerk" in "De Maandbode", 1 Okt. 1893.

Vrye Christelike Skool van Burgersdorp hiervoor diens gedoen) moes gevoeg word waarin persone tegelykertyd as onderwysers kon opgelei word, het die sinode op hierdie stadium nie vir die instandhouding van so 'n voorbereidende skool kans gesien nie. Terselfdertyd is ook 'n toelatingseksamen ingestel wat inderdaad die eerste stap was tot die vereiste van Matrikulasie wat in 1879 ingestel is.

Die literariese departement het gestadig vorentoe gebeur: die peil van die propedeutiese studie is altyd verhoog, só selfs dat die studente aangemoedig is om vir die B.A.-graad te werk; diegene wat nie vir die graad gewerk het nie, moes 2 jaar aan die literariese eksamen wy. Die hele literariese departement was daarop ingestel om op 'n hoër peil geplaas te word en om meer wetenskaplik te wees. Hierin het die professor in die literariese departement die voorbeeld gestel deur self die M.A.-graad in die klassieke te behaal.

Die studentetal het baie vinnig uitgebrei en dit is opmerklik dat die literariese afdeling verreweg die meeste studente gehad het. So 'n toename was daar aan studente dat selfs 'n tweede professor in die literariese departement aangestel moes word.

Alhoewel die Hollandse taal as sodanig altyd die voorrang in hierdie skool geniet het, moes die opleiding van die studente wat openbare eksamens wens af te lê, deur medium van Engels geskied omdat die Kaapse Universiteit wat die eksamens afgeneem het, dit vereis het. Dit het die Gereformeerdes geweldig geïrriteer.

Dit was gedeeltelik juis hierom dat daar later sterk geagiteer is om die Skool na die Z.A. Republiek verskuif te kry. Maar die sinode het besluit om die Skool voorlopig maar nog in Burgersdorp te hou.